Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 26 Februarie 2017

Baie Welkom by ons Nagmaaldiens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel en die prediker is pastor Gordon Calmeyer

Omgee:

- Ilse-Marié Briel se ma, tannie Lettie Harms, was in die hospitaal en is baie verswak.
- Baie geluk aan Vernon Fortune wat 'n aanstelling gekry het as klerk by 'n regsfirma vanaf 1 Maart.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☼...

- Ons gemeente vier DV **Nagmaal** en Riaan Becker doen **belydenis** van sy geloof vandag. Seënwense vir Riaan met sy keuse om Christus na te volg in sy lewe!

- Vanmiddag vanaf **16:30** kom al die **hoërskoolleerlinge** by die kerk bymekaar vir hulle byeenkoms en daarna vind die aanddiens/**gemeentetoerusting** om **17:30** plaas.
- **Volle kerkraad, ouderlinge en diakens** vergader **Dinsdag, 28 Februarie, om 19:00** in die kuierkamer. Die begroting word hanteer.
- **Arise, die byeenkoms van die Kindergebedsnetwerk,** vind volgende Saterdag, 4 Maart by Gereformeerde Kerk Linden plaas.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – vandag skink al die groepe. Volgende Sondag is dit Groep 5, Sophie, Santjie, Susan le Roux en Anja se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Ontbytfunksie vir ons afgetrede lidmate

- Soos aangedui op die kalender, beplan ons 'n lekker kuier vir almal bo 65 op Woensdag, 8 Maart. Meer besonderhede sal volgende week bekend wees. Sê asseblief solank vir Ankie of ds Stephan as jy/julle dit wil bywoon.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

03/03	HERMAN COETZEE	079 308 5404	
04/03	HENNING SCHOURIE	083 358 8850	011 477 1569

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebed – United Prayer for South Africa: 26/02/17

- Daar is vandag in 160 gemeenskappe in SA byeenkomste om te bid vir ons land. Die byeenkoms naaste aan ons is om 14:00 in Krugersdorp by die Alma Mater Akademie, **Coronation Straat 1.**
- 'n Inligtingstukkie is ook agter in die kerk in die rakkie.

'n Gebed om vir 'n ongeredde persoon te bid:

Vader, U Woord is duidelik dat dit beslis nie U wil is dat die goddelose moet sterf nie, maar dat hy/sy hom/haar sal bekeer sodat hy/sy kan bly lewe. (Eseg.18:23). Die Woord leer dat U geduldig is met ons omdat U nie wil hê dat iemand verlore gaan nie, maar dat U wil hê dat almal hulle moet bekeer (2 Pet.3:9), dat alle mense gered moet word en tot kennis van die waarheid kom. (1 Tim.2:3-4).

U het die wêreld so liefgehad dat U U enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (Joh.3:16). U bewys U liefde vir ons deurdat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (Rom.5:8). Op

grond hiervan bid ek vir _____ se redding en dat U aan hom/haar die ewige lewe sal gee. Vader, soos wat U dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil - ek bid dat U _____ sal lewend maak. (Joh.5:21). Vader, trek _____ na U toe, want niemand kan na Jesus toe kom as U die persoon nie na Jesus toe trek nie. Dié wat U na die Here Jesus toe trek, sal U op die laaste dag uit die dood opwek. (Joh.6:44).

Ek bid vir die bevryding van _____ uit elke mag en greep van die Bose op grond van die feit dat U gesê het U gee aan ons die sleutels van die koninkryk van die hemel en dat U beloof het dat dit wat ons op die aarde toesluit, in die hemel toegesluit sal bly; en wat ons op die aarde oopsluit, in die hemel oopgesluit sal bly. In U Naam staan ek die duiwel teë sodat hy van _____ sal wegvlug en in U Naam ontbind ek _____. (Matt.16:19 / Jak.4:7).

Here Jesus, U het U Gees aan die kerk gegee sodat Hy aan mense kan wys waar en hoe hulle skuldig is aan sonde. Oortuig _____ van sonde in sy/haar lewe. (Joh.16:8). U Gees is die Gees van waarheid (Joh.14:17), die Gees van liefde. (2 Tim.1:7). Mag U Gees _____ van die waarheid oor homself/haarself en oor wie God is en van God se ewige liefde oortuig. Here Jesus, U sit aan die regterhand van die Vader om vir _____ in te tree. (Rom.8:37). Vader, mag U alomteenwoordige, alwetende en almagtige Gees (Ps.139:7; Jes.40:13; Sag.4:6) elke oomblik in _____ werk. Heilige Gees, ek weet nie reg hoe om vir _____ te bid nie, maar sal U met onuitspreeklike versugtinge by die Vader vir _____ intree? Vader, mag U Heilige Gees aan _____ nuwe lewe gee. (Eseg.36:26). In Jesus Naam vra ek dat U Gees _____ tot insig sal bring (Jes.11:2) lewend sal maak (Joh.6:63) en wederbaar. (Joh.3:3). Mag U Gees van aanneming tot kinders aan _____ U begeerte openbaar om hom/haar as U kind aan te neem. (Rom.8:15).

Vader, Jesus Christus is die Lam wat reeds voor die grondlegging van die wêreld vir ons geslag is. (Op.13:8). Here Jesus, U het gekom om sondaars te red, red dan ook vir _____. (Luk.5:32). Deur U kruisdood, het U die volle prys vir _____ se sonde betaal. (Joh.19:30).

U het ons as priesters aangestel (Op.1:6) en as priester tree ek vir _____ in - dat hy/sy met U versoen sal word. U het aan ons die bediening van die versoening gegee en hierdie opdrag voer ek voor U uit deur te bid dat _____ met U versoen sal word. (2 Kor.5:18-20).

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug en Koster – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep –Gerhard en Susan Botha 083 537 9770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Herman Coetzee 079 308 5404; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Ander nuus…

ONS HUIS TEHUIS VIR BEJAARDES LAAT WEET:
Ons het ons 50ste viering die naweek van die 7de April. Vrydagaand is ‘n braai en dans vir ons inwoners; 8 April is hier ‘n spreker en sangers en ons sal vingerete bedien; 9 April is daar ‘n ete en ‘n diens. Meer detail sal volg
Die 2de September hou ons ons groot fondsinsameling vir die jaar by die Florida Hoërskool op die rugbyveld met ‘n paar sangers die aand in die saal.
Skryf hierdie datums neer en onthou asb.
Marita van den Berg – Bestuurder

KRUGERSDORP-WES GEMEENTE bied 'n optrede van die RANDSE SIMFONIE ORKES aan op 25 Maart 2017 in die Eeufeessaal Krugersdorp om 19h30. H/v Commissioner- en Markstrate. Hulle speel o.a. Luisa Miller simfonia – Verdi; Klavierkonsert nr 2 – Racgmaninoff; Klok simfonie – Haydn.
Kaartjies R100 p volwassene R50 p laerskoolkind
Kaartjies is beskikbaar by Kobus 083 544 2879 en Gerda 011 660 8030/38

Israel en Jordanië – 9-20 Desember 2017: Ds. Malan van Rhyn reël ’n toer na die twee lande in samewerking met Seagull Toere. Ons besoek onder andere Petra, Masada, Jerigo, Betlehem, Nasaret, Kapernaum, Jerusalem en nog vele meer. Ons vaar op die see van Galilea, swem in die Dooie See, reis met ’n luukse bus en word vergesel van ’n professionele Engelsprekende gids en ’n Gereformeerde predikant. Koste is ongeveer R 44 000 per persoon wat deel. Dit sluit o.a. die vliegkaartjie, luukse hotelverblyf en twee etes op ’n dag in. Volledige inligting kan aangevra word by mvanrhyn@telkomsa.net of 082 858 0538. Raadpleeg ook Seagull Toere se webblad by www.seagulltoere.co.za.

Groete, *Malan van Rhyn*

Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord
Posbus 16115
Pretoria-Noord
0116
Tel: +27 (0)12 546 5177 *Sel: +27 (0) 82 858 0538* *mvanrhyn@telkomsa.net*